Preebreeks KWARTAAL 3 | RENTMEESTERSKAP




#4

# WAT DOEN JY MET JOU 2 SENT?

'n Persoon vertel op 'n stadium dat hy regtig die behoefte het om te bid, en vir God te vra: "Here, hoekom laat U soeveel armoede en ongeregtigheid toe in die wêreld?" Sy vriend vra hom toe: "En? Hoekom bid jy dit dan nie?"

Met groot huiwering antwoord hy: "Wel... Ek is bang God vra vir my dieselfde vraag..."

Of dit nou jou geld, tyd, energie of opinies is. As gelowiges moet ons onsself dalk regtig afvra: "Wat doen ek met my 2 sent?"

**Bespreking**
Lees die volgende tekste:

- Jesaja 58
- Matteus 9:9-13

(Lees dit dalk  in verskeie vertalings indien moontlik.)

- Hoe laat hierdie teks(te) jou voel?
- Wat in die teks(te) ontnugter jou/ daag jou uit?
- Wat in die teks(te) gee jou hoop?



# Week #4 Geestelike Dissipline

## Geregtigheid

Wanneer ons “geregtigheid” nastreef, gaan dit oor meer as een of ander 'social justice movement'! Dit gaan uiteindelik oor ons behoefte om saam met God deel te neem aan God se koninkryk op aarde.

Wanneer die Bybel oor God se koninkryk en geregtigheid praat, gaan dit oor:
1. voorsiening en oorvloed
2. die regte dinge glo EN doen
3. barmhartigheid as gewoonte

Geregtigheid gaan uiteindelik daaroor om, soos Jesus, ongeregtigheid te aanskou en die mense innig jammer te kry... en dan iets daar omtrent te doen!

**Lees hierdie teksgedeeltes (weer):**

- Jesaja 58
- 1 Korintiërs 13:1-9

**Vrae vir refleksie**

** Reflekteer alleen oor hierdie vrae of bespreek dit in jou Kleingroep.*

1. Waar pas 'n ongemak met ongeregtigheid in die wêreld in jou gedagtes en lewe in?
2. Wat is jou deurgaanse reaksie tot vrywilligerwerk teen dinge wat ongeregtigheid en armoede veroorsaak? Hoe voel jy daaroor om vrywilliglik die armes, behoeftiges en hulpeloses in jou omgewing te help?
3. Hoe voel jy wanneer jy onregverdig hanteer word? Watter rol speel 'n advokaat wanneer dit grootskaalse ongeregtigheid/onregverdigheid is?



**Geestelike oefeninge**

**Kies een van die volgende geestelike oefeninge om die dissipline van geregtigheid in te oefen.*

1. Koop 'n koerant by die straatverkoper (en betaal dalk sommer R10 te veel!) Lees die koerant aandagtig met die volgende oorwegings:
    - Merk al die artikels wat bewustelik of meer subtiel van ongeregtigheid getuig.
    - Merk al die stories van gulsigheid (mense wat te veel het) en ongeregtigheid (mense wat te min het).
    - Sonder om enige van die gevalle te veroordeel, bid daaroor: 'Here, help my om die ongeregtigheid om my raak te sien. Here, help my om te bou aan U koninkryk van geregtigheid.'
    - Waar jou hart warm raak, KIES om meer daadwerklik betrokke te raak by geregtigheid en barmhartigheid.

2. Doen introspeksie, of gesels saam as gesin/kleingroep. Dink na oor die volgende aan die hand van jou verstaan van God se koninkryk en geregtigheid:
    - Watter gawes het jy?
    - Watter materiële gawes het jy?
    - Hoe lyk jou oorvloedigheid?
    - Hoe kan jy jou gawes - jou tyd, bevoegdheid, en ook jou geld - aanwend tot die uitbou van God se koninkryk?
        - Bid daaroor!
        - Gaan doen nou iets waaroor jy passievol voel!



**Gebed vir die week**

Here,
ek sien 'n gebroke wêreld van ongregtigheid om my raak. Ek weet nie hoe geregtigheid ooit ten volle sal geskied nie.

Help my om die wêreld deur U oë te aanskou.
Help my om die nood om my raak te sien.

Gee my die krag en moed om betrokke te raak.
Gee my die hoop dat geregtigheid moontlik is.

Here, stuur my en gebruik my.
Here, stuur my en gebruik alles wat ek het, tot die uitbou van U koninkryk.

Amen

